Franco: Julle val daar onder die jeug man. En ja, jy, Pieter het 'n ook baie jeugdige aanslag. So Johan van Wyk, hy het ons nou gehelp met ons strategiese sessie, dis hoekom hy vanaand hierso is. Ek gaan by die lys af. Annalie is ook baie jonk van gees saam met Colenzo ook. En dan Kobus, ja, hy is ook daar by die jeug. Hulle val eintlik ook onder ons presatura-groep wat juis die jeugouens is, jonger ouens is. Wie's daar dan nog? Wie het ek gemis? Ek dink dis omtrent dit. So ek sou sê dit is hoe jy daardie kan opdeel, ek dink portefeuljes is 'n bietjie nou anderste as wat jy nou hierso gelys het.

Mr Johan Hattingh: Ja.

Franco: En uhm, ja. So Annalie hanteer ook ons musiekbediening goeters vir ons. Colenzo hanteer ook ons tegniese goed vir ons. As ek so bietjie meer agtergrond kan gee. Soos ek gesê het Johan was betrokke by ons strategiese proses. Kobus is nog by fondsinsameling, so ons kan hom ook daar by fondsinsameling sit want hy hanteer ook fondsinsameling vir ons dan nou en dan nou finansies kan ook daarby val. En dan Pieter is hier by die bemarkingsgedeelte ook, media, daardie tipe van goed.

Mr Johan Hattingh: Nou goed.

Franco: Help dit jou?

Mr Johan Hattingh: Dis 100%. Ek gaan dan nou so maar op die lys afgaan en wat ek dan nou hier gesê het, ek maar op name gewerk het. Ek het die poste dan af, ek het hulle gekoppel aan poste soos wat ek aan die begin verduidelik het.

Franco: Dis reg.

Mr Johan Hattingh: So ek het Thomas se raad gevolg en hulle by elderly ingedeel.

Franco: Dis reg.

Mr Johan Hattingh: Goed, kom ons begin by vraag 1, ouderdom. Franco, by watter een van hierdie?

Franco: Ek is daar in kategorie D ongelukkig al.

Mr Johan Hattingh: Okey. Dan die ondervoorsitter.

Christo: Ek is die jong ene hierso, ek is nou eers 49.

Mr Johan Hattingh: Okey. Colenzo?

Colenzo: Ek is ook in kategorie D.

Mr Johan Hattingh: Ds Steve?

Ds Steve Oxtan: Askies Johan, ek het net gou-gou die mute knoppie gesoek. Ek sou onder kategorie dink ek A val. Ek moet net dubbel seker maak hierso.

Mr Johan Hattingh: Okey, jou ID nommer?

Ds Steve Oxtan: 87. Laat ek net gou dubbel seker maak, askies Johan. Ek val onder kategorie, nee ek jok, ek is onder kategorie **B**.

Mr Johan Hattingh: Goed. Ds Thomas?

Rev Thomas Dreyer: 45.

Mr Johan Hattingh: Pieter?

Pieter: Ek is in C, kategorie C.

Mr Johan Hattingh: Johan van Wyk?

Johan: Ek het nou nie die kategorieë voor my nie, maar ek is 59, ek trek seker hier by E of iets, ek hoop nie dis ??? nie.

???: ???.

Johan: Ek lyk maar net jonk.

Mr Johan Hattingh: Annalie?

Annalie: Askies D.

Mr Johan Hattingh: Kobus?

???: Kobus is in kategorie C.

Mr Johan Hattingh: En dan het ek nog vir Diane hier, het ek nou iemand anderste gemis?

Diane: Ek is in kategorie C.

Mr Johan Hattingh: Dankie, is daar nog? Is daar enige iemand wat ek nou gemis het? Het ek nou almal?

Franco: Net vir ds Paul.

Rev Paul van Jaarsveld: Ja, ek is oorgeslaan, askies, ek is ook besig hier om kos te maak. So ek het nie die lys voor my nie. Maar ek is nou 30.

???: Paul is in B.

Mr Johan Hattingh: Goed, dan die hoogste kwalifikasies, ek gaan hulle maar vinnig sê: A is dan tot en met Graad 12, B is geen tersiêre opleiding nie, C is 'n B-graad kwalifikasie, en D is postgraduate. Kom ons begin by jou Franco.

Franco: Ek het 'n B-graad, C, kategorie C.

Mr Johan Hattingh: Christo?

Christo: Ek is 'n D vir dok.

Mr Johan Hattingh: Okey, Paul, ds Paul?

Rev Paul van Jaarsveld: Ek dink ek is postgraduate, meesters.

Mr Johan Hattingh: Goed, Colenzo?

Colenzo: C.

Mr Johan Hattingh: Ds Steve?

Rev Steve Oxtan: 'n D.

Mr Johan Hattingh: ???.

???: Ook D.

Mr Johan Hattingh: Pieter?

Pieter: 'n C.

Mr Johan Hattingh: Johan?

Johan: D.

Mr Johan Hattingh: Annalie?

Annalie: C.

Mr Johan Hattingh: Kobus?

Kobus: 'n C.

Mr Johan Hattingh: En Diane?

Diane: D.

Mr Johan Hattingh: Goed, nou die volgende vraag is hoe lank is elkeen van julle 'n lid van die Kerk? Kom ons begin weer, askies, ek gaan maar by die ry bly afgaan dat ek nou nie die ritme versteur nie. Franco?

???: Johannes, askies, is dit van dié gemeente of van die breë Kerk?

Mr Johan Hattingh: Dit kan van die breë Kerk ook wees.

???: Okey.

Franco: En lid beteken nou, net solank jy 'n lid was?

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

Mr Johan Hattingh: Dis reg.

Franco: Dit is sekerlik van my geboorte af. So dis 46 jaar.

???: Dis seker van voorstelling af.

Franco: So dan is dit minus 18 of wat. So maak julle maar daai somme.

Mr Johan Hattingh: Dis reg, ek het dit so. Christo?

Christo: Trek ons die 18 af? Ek wil seker maak, ek is jammer.

Mr Johan Hattingh: Ja, jy doen.

Christo: 31 jaar.

Mr Johan Hattingh: Dan Colenzo, ag askies, ds Paul?

Rev Paul van Jaarsveld: Hierdie is nou 'n tipiese Paul antwoord. Ek is nie 100% seker nie, ek is 30, ek het belydenis van geloof afgelê in die NG Kerk, en toe het ek Hervormd begin swot. Maar ek is nie 100% seker wanneer ek 'n Hervormde lidmaat geword het nie. Dit moes iewers in my swottings gewees het, seker in my eerste jaar. So sê van 22 af, so ek is seker nou al agt jaar. Maar dit is 'n skatting.

Mr Johan Hattingh: Goed. Colenzo?

Colenzo: So 40 jaar.

Mr Johan Hattingh: Ds Steve?

Rev Steve Oxtan: 16 jaar.

Mr Johan Hattingh: Ds Thomas? Ds Thomas, is jy nog daar?

Rev Thomas Dreyer: Ja, askies, 45 dan minus 18, so *obviously* wat werk dit uit so vinnig, 27.

Mr Johan Hattingh: Dankie. Pieter? Youth

Pieter: Ek is so 16 jaar in die Hervormde Kerk.

Mr Johan Hattingh: Okey. Johan?

Johan: 41. Member 2

Mr Johan Hattingh: Annalie? Member 2

Annalie: 25.

Mr Johan Hattingh: Kobus?

Kobus: 23.

Mr Johan Hattingh: En Diane?

Diane: 26 jaar.

Mr Johan Hattingh: Goed, as ons nou kyk hoe lank julle in die gemeentes was, watter rolle speel julle die laaste paar jaar al, vir watter termyne. So die vraag is: *Regarding your membership as a member of the Church, please indicate your role.* Ek dink ons het dit al reeds gedoen, Franco, aan die begin toe jy almal voorgestel het, ons sal dit gaan kry by die opnames soos wat jy dit vir ons uiteengesit het.

Franco: Alles reg.

Mr Johan Hattingh: So ek gaan daai vraag dan oorslaan. En dan vra ons die volgende vraag: Wat is julle uitkyk, *what is your view about a marketing strategy in the Church?* Kom ons begin by jou Franco.

Franco: Ek wil nou weer ook maar vra of sê dit is sekerlik in die breë Kerk. Of spesifiek in ons gemeente?

Mr Johan Hattingh: Weet jy dit gaan maar spesifiek ook die breë Kerk, maar jou ervaring waar jy tans is.

Franco: Ja, kom ek sê so, ek dink in die breë Kerk moet ek ongelukkig sê dink ek nie daar bestaan eintlik so iets nie, jy weet. Wat ek verstaan in my beperkte kennis van bemaking, ek is nou nie 'n bemakings *expert* nie, maar sou ek sê in die breë Kerk sien ek nie noodwendig die Hervormde Kerk as hierdie magtige bemakingsvoertuig nie. Ek dink in ons *eie gemeente*, veral wat ons denke aanbetref rondom die nuwe maniere van bedien, dink ek is ons tien teen een *ver voor die Hervormde Kerk*. So dit sal my inset wees daar.

Mr Johan Hattingh: Goed. Christo?

Christo: Ek deel Franco se sentiment. So my aanname, waarskynlik verkeerdelik, maar my aanname dat *dit nie bestaan binne-in die Kerk nie*, daar is 'n *totale afwesigheid*. Ek dink *binne-in die gemeente is ons in die kinderskoene*, alhoewel ons dan 'n klomp werk doen, dink ons in kinderskoene van 'n omvattende strategie saam te stel. ??? *dit is krities vir die voortbestaan van beide gemeente en van Kerk om 'n omvattende plan te implementeer*. En ek dink dit gaan kom met reuse uitdagings binne-in die Kerkmilieu as gevolg van die manier, vandat ons Kerk hanteer het in die verlede, dink ek daar is 'n totale wat is 'n *mind shift* in Afrikaans, *dis 'n mind shift wat ondergaan moet word* met betrekking tot hierdie.

Mr Johan Hattingh: Ja. Goed, ek dink dit is baie belangrik, baie dankie Christo. Colenzo, iets wat jy wil byvoeg?

Colenzo: Nee, ek voel ook maar net ek dink ons is nie baie goed daarmee nie. Ek dink in die breë Kerk dink ek nie dit bestaan regtig nie jy weet. Ek stem ook saam met Christo. Ons begin maar om dit aan te raak in ons gemeente tans.

Mr Johan Hattingh: Goed. Kom ek vra so: Is daar iemand wat iets anderste wil byvoeg as wat reeds gesê is?

Rev Thomas Dreyer: Ek wil net so ietsie byvoeg as ek kan. Ek dink in ons, in die Kerk as sulks is ons nog besig met 'n tipiese plan van gryp die dag, ons is nog in hierdie moment en ons probeer nou aanpassings en verstellings maak. Maar dis eintlik gryp van more. Want die ding is dis so vloeibare tyd en so besig om te gebeur, dis soos as jy 'n bal pass vir iemand in rugby om net 'n voorbeeld te gebruik, jy pass nie daar waar hy is nie, jy pass daar waar hy gaan wees. En ek dink as ons daardie bemarkingstrategie begin volg, gaan dit beter gaan. Maar ja, dis maar net so 20 sent van die kant af.

Mr Johan Hattingh: Baie dankie, dis baie belangrik.

Johan: Johan, as ek ook net iets kleins kan byvoeg, ek dink ons in 'n proses en ek sien dit hier in ons eie gemeente, maar ek dink dit vat die wye Kerk waar daar so dramatiese veranderinge waarskynlik vorentoe kom, dat daar selfs moet gekyk word dink ek na twee noem dit amper vlakke van 'n bemarkingsplan en die een is 'n baie strategiese plan om die mense net 'n kopskuif te maak oor waar goed heen beweeg, en dan aan die ander kant operasionele plan in terme van noem dit nou maar die algemene dag tot dag se bemarking. Ek dink tog waar daar bemarking was, was daar nogal 'n fokus gewees op 'n algemene kommunikasievlak en nie op 'n okey, dis ons visie, dis waar ons heengaan, noem dit 'n strategiese bemarkingsvlak nie. En dis dalk belangrik in die werk wat jy doen en die pad vorentoe om daai twee te onderskei en op daai twee vlakke te kyk.

Mr Johan Hattingh: Sjoie, baie dankie, dit is baie kosbare inligting daai. Nog iemand? Baie dankie. Ek kan deur die lys gaan, maar ek dink ter wille van ons tyd en tydskeule gaan ek dit maar so op die manier maar so hanteer. Baie dankie. Dan die volgende

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church, Interview 1

vraag is: *What is your views about the current marketing situation in your congregation?* Ek dink Kobus, ag Franco, jy het dit reeds aangespreek. Christo het dit aangespreek. Ek dink ds Thomas het dit ook in 'n mate aangespreek. So is daar iemand wat iets wil byvoeg in die gemeente se bemarkingstrategie? Goed, kom ek vra dan die volgende vraag: *What will you include in a marketing strategy?* Ons het nou by Johan gehoor hoe punte van die strategiese bemarkingstrategie wat daar kan wees en die kopskuif wat in die Kerk moet plaasvind, en dan die tweede opsie is die operasionele plan wat hy voorgestel het. Is daar enige iets anderste wat iemand dalk gedink het hulle wil byvoeg?

Johan: Ek dink almal dink daaraan Johan, en dis die element van meer die sosiale media wat absoluut die huidige en die toekoms is. Ek dink die tipe bemarking wat ons in die verlede gehad het, was waarskynlik nie naasteby genoeg op die sosiale mediavlak nie en 'n ou het daar allerhande kundigheid nodig om dit rêrigwaar te laat gebeur, so ek sal daai element net wil byvoeg.

Mr Johan Hattingh: ??? dis presies ons volgende vraag gaan juis wees oor watter tool gaan ons gebruik om hierdie bemarking te doen. Maar ja, ek dink ons sit hom hier by. Ook in terme van die strategie.

Franco: Ek dink om dalk by Johan net by te voeg, weereens as 'n mens van die breë Kerk praat en ek praat jy weet huidiglik uit die oogpunt uit van die huidige, en ek stem 100% met hom saam wat die toekoms aanbetref, verseker, maar ek dink omdat die Kerk tradisioneel so 'n hoe kan ek sê, as 'n mens gaan kyk na die profiel van die groter Kerk, jy verstaan, 'n groot hoeveelheid ouer mense nog steeds het binne die Kerk, sal 'n mens ook die tradisionele bemarkingselemente jy weet uit die pakkie kan uitlaat nie, want dan gaan jy 'n klomp mense daardeur uitsluit. En daai mense het dalk nog 'n vyf of 'n tien jaar se leeftyd in die Kerk oor. En dis net so belangrik om jou mark daar te groei soos wat dit is om die mark te groei onder die jonger geslag.

Mr Johan Hattingh: Baie dankie.

Colenzo: Ek kan miskien iets anderste wat mens kan aan dink is om bekend te maak watter barmhartigheidswerk word deur die Kerk gedoen om so die Kerk se posisie net te probeer versterk op 'n sosiale vlak. Ek dink die komplikasie daarmee is jy weet 'n mens gebruik nie iemand anders se tekortkominge of se probleme om jou te versterk nie, so ek dink dis so bietjie van 'n konfliktsituasie wat jy het. Jy weet, jy kan nie byvoorbeeld om 'n voorbeeld te gebruik, foto's en so van hoe jy mense wat in nood is help met dit nie. Maar ek dink daar moet 'n manier wees om daai diens wat gedoen word aan die gemeenskap ook te kan uitkry.

Mr Johan Hattingh: Colenzo, as ek dan reg hoor dan hoor ek ook die bemarking, en askies, dan praat ek bietjie min in die Kerk in, as ons praat van die bemarking van barmhartigheid, dis nie noodwendig foto's en waar hulp nodig is nie, maar om te sê die Kerk het ook sy deel gebring by die Vrystaatse brande, by die vloede van Knysna, laat dit bietjie meer geopenbaar word. Met ander woorde meer 'n kommunikasie, 'n oper kommunikasie.

Colenzo: Ja, korrek. Ek dink ons doen nie genoeg daarvan nie en ek dink die algemene gemeentelid het nie noodwendig 100% insae daar en ook mense van buite is wat gemeentes byvoorbeeld doen in hierdie konteks nie.

Mr Johan Hattingh: Dis reg. Ek moet vir jou eerlikwaar sê ek ervaar daai selde behoefte, maar nou sit ek my kerkhoed op, ek is vanaand eintlik net 'n student. Goed, is daar nog iemand wat iets wil hier byvoeg, ook oor wat kan 'n mens insluit by so strategie. Bemarking spesifiek? Niemand nie? Goed.

Colenzo: Kan ek miskien net iets sê, ek dink mens moet ook maar kyk wie jy wil teiken met jou bemarkingstrategie want ek dink die strategie hang nogal baie af van wat jou teikenmark is. Ek praat oor bemarking hierso, ons almal verstaan nou, so ek dink dit is belangrik om die mark regtig te identifiseer want daar's ouer mense en daar's jonger mense, nie-kerkgangers nie, so bemark jy dan binne-in die kringe van bestaande gemeentelide om te versterk, of bemark jy om mense na die Kerk te bring, buitekerklikies na die Kerk te bring. So ek dink daai markidentifikasie is vir my belangrik.

Mr Johan Hattingh: Ja, ek dink dit is presies ook wat ek nou al gesien het op Facebook wat julle gemeente uitstekend doen, is die dagstukkies van die predikante wat ons so gereeld kan sien, die *video clips* en die interessante goed wat julle doen. Ek moet eerlikwaar sê, ek kan julle gelukwens, ek kyk graag daarna en ek het al een of twee gevolg. So ek dink dit is presies wat die Kerk ???, en as ek reg kan onthou het ds Paul met sy eerste bediening in Montana, met sy patriotbediening, 'n bepaalde mark gediens wat dan nooit gediens was nie, en ek dink dis wat jy ook hier verwys Colenzo, van watter mark wil ons graag na kyk.

Colenzo: Ja, dis korrek.

Mr Johan Hattingh: Goed. Ons moet bietjie ???. Die volgende vraag is: *which marketing tools do you think wil provide an effective and efficient marketing congregation ministry?* Met ander woorde watter tools kan ek gebruik, hier is nou een meer visuele soos wat ons na YouTube video's en die tipe van goeters kan sien, media publications, radio broadcasting, infographics, social media, digital marketing. Ek het hier vyf items gelys. Watter van hierdie *marketing tools do you think will provide an effective marketing?*

Colenzo: Askies, kan ek net vra, wat bedoel jy met *visibility*?

Mr Johan Hattingh: Is ons teenwoordig in die gemeenskap, hoe teenwoordig is die gemeente, hier is dit spesifiek na die gemeente gerig, nie na die breë Kerk nie, maar na die gemeente. Hoe is ons visueel in die gemeenskap betrokke? Dis wat ek daarby bedoel.

Colenzo: Goed, dankie.

Pieter: En dan het ons, askies Johan, die *infographics*, wat is hy, wat het jy daarmee bedoel? Jammer.

Mr Johan Hattingh: *Infographics* het prof Hein met ons nagraadse diploma baie mooi geleer, dit is 'n baie interessante ding, dis 'n *one/two pager* wat 'n mens ontwerp as 'n

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

tipe van 'n *flyer* binne-in PowerPoint waar jy die funksies en die funksionaliteit van die gemeente kan bemark. Dis rêrig, dis nogal 'n baie interessante *tool* om visueel, ek weet nie of prof Hein dalk wil uitbrei nie, hy is baie welkom, kragtens hierdie *infographics*. Prof Hein, wil jy iets byvoeg?

Prof Hein Prinsloo: Pieter, *infographic* is 'n kort opsomming van jou uitstaande elemente, en jou funksionaliteite binne die Kerk wat jy dan, dis 'n kommunikasiemedium wat jy dan byvoorbeeld interne bemarking waar jy miskien vir intern vir mense net al die funksies wat binne-in die Kerk gebeur. Ek het noudo genoem, gehoor Colenzo het gepraat van die *community service*, ag waar jy *communities* help, *that's community service* as jy letterlike daarna gaan kyk. Dis 'n baie mooi manier, dis een van die bene, en dan verduidelik jy op 'n een *pager*, een bladsy mooi uiteengesit, kort sinnetjies en hierdie *flyer*, hierdie dokument of hierdie amper soos 'n *billboard* wat jy vir mense binne-in jou kerk versprei waar al jou funksies blootgestel word, as dit help.

Pieter: Baie, dankie julle.

Rev Thomas Dreyer: Dis amper iets soos 'n dashboard ???, wat ek dit sal noem, maar die ander ding wat ek net wil noem is dat iets wat ek dink baie baie sterk is in vandag se tye is organiese groei, en om dit as 'n *tool* te gebruik, *word of mouth*, en dit laat ??? groei. Dis iets wat Piet nog altyd baie sterk is op. Hy sê hoekom gaan jy na 'n dokter toe? Nie omdat jy 'n advertensie op 'n radio gehoor het nie of 'n tydskrif nie, jy gaan soontoe omdat wie ook al vir jou gesê het hy's 'n goeie dokter en diens wat ek daar gekry het. Ek dink as ons daai ding kan kweek by mense om relasionele bemarking amper te doen en organies te groei, dink ek daar is geen beter manier om dit amper aan te pak nie.

Mr Johan Hattingh: Goed Thomas, ek het dan die medium van *word of mouth* bygevoeg tot die lys. As dit met almal reg is.

Franco: Dis reg, dankie Johan, ek wou ook gesê het al daai is belangrik en definitief die *word of mouth* se organiese groei.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church, Interview 1

Mr Johan Hattingh: Dankie. Goed, kom ons hoor Franco, daar is nou meer as een opsie op die tafel. Watter van hierdie *marketing tools* sal jy wil graag sien?

Franco: Ek sal hulle in volgorde tien teen een wil sit en dan sal ek met G, wat die *word of mouth* is ook begin, ek dink in my eie industrie is dit ook amper die beste manier van bemarking. En dan F, digitale bemarking, sosiaal, E dan nou, ek dink daar is verseker dan nou die A, *visibility*. En dan D, *infographics*, ek sal jy weet media en radio omtrent heel laaste op die lys sit. So dit sal my volgorde wees want ek dink weereens omdat ons soos wat baie van ons al gesê het 'n verskillende mark bedien jy verstaan, die jonger garde, jy weet die ouens wat kerkloos is, en jy weet jy gaan 'n kombinasie van hierdie goeters gebruik. Maar ek sal dit in daai volgorde sit.

Mr Johan Hattingh: Goed, baie dankie. Christo?

Christo: Ek moet sê ja, dis 'n situasie van Franco is in my opinie *spot on*. Ek stem 100% saam met hom.

Mr Johan Hattingh: Goed. Kom ek vra so, het iemand 'n anderste *view* hieroor?

Colenzo: Is daar iemand wat radio gekies het?

Mr Johan Hattingh: Heel laaste, ja.

Colenzo: So, ek wil net weet want dit is ook vir my baie belangrik.

Annelie: Laaste.

Colenzo: O hy's laaste.

Annelie: So dis doodreg.

???: Ek dink ook Johan, dit kom terug na die punte wat Christo en Franco gemaak het vroeër, en Colenzo, **dit hang af van die teikenmark**. Ons weet op die einde van

die dag is dit die *marketing mix* wat dit laat gebeur en dit hang maar af van 'n ou se gemeente, van die profiel van die gemeente, wat werk en wat werk nie. Ek dink 'n mens moet net partykeer nie onderskat van ouer mense wat ook al erg op die sosiale media is of jong mense wat ook tradisioneel wil wees nie. So dis 'n hele *mix*, maar ek stem saam met die volgorde wat Franco gegee het, ek dink beslis dis hoe dit is.

Mr Johan Hattingh: Jy wil nie 'n ander volgorde voorstel nie?

???: Nee, ek stem saam met **media en radio**. Media het deesdae amper by tye 'n te **negatiewe ding amper geraak**. Ek dink julle het vroeër genoem *visibility* en dit loop lekker saam met daai wat prof verduidelik het. So ek dink dit loop hand aan hand. So ja, ek stem saam, media en radio dink ek laaste, en dan die nuutste in terme van sosiale media. ??? bietjie hoor, maar ek stem saam met Franco, **'n ou het 'n ouer profiel van mense**, en **mens moet daarvolgens gaan**, daar kan gemeentes wees wat anderste is.

Mr Johan Hattingh: Goed. Ek wil dalk net een vraag vra, dit is na aanleiding van die volgende vraag: *What is the reason for your selection*, ek dink ons het dit relatief geantwoord. Franco het dit ook baie duidelik gesê. Johan, jy het dit uitgebrei. Ek wil net een ding vra ter wille van die Kerk in terme van die mediapublikasies. In die Kerk het ons twee publikasies op die stadium wat ek van weet. Die ene is die Blitspos, en die ander ene is Die Hervormer. Die vraag wat ek vra is, die effektiwiteit as ons nou hom as as een van die laaste media, laaste vorme van bemarking plaas, as 'n *tool*, hoe dink julle sal ons dan moet kyk na daai twee publikasies?

???: As ek daar kan ingooi Johan, ek dink dis waar ons koppe is, daai twee publikasies word **hoofsaaklik gelees deur mense binne die Hervormde Kerk**. Ek dink daaraan jy kry hom omdat jy inskryf daartoe of omdat hy in die voorportaal van jou kerk is. En ek dink die toekoms **in terme van die bemarking gaan baie oop wees** op die nie-kerklikes, of hoe om die Kerk uit te brei, en dit is ongelukkig in my kop hoekom daai twee dalk nie bo-aan die lys is nie. Ek dink dis altyd baie lekker om Die Hervormer op te tel en deur hom te lees en te kyk wat daar aangaan, maar dit is omdat jy op hom inskryf of omdat hy in jou kerk lê. En dit beteken ongelukkig dat **hy bereik 'n beperkte**

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

teikenmark, of 'n beperkte deel van jou mark, en dit is 'n baie ??? in terme van ???.

Meeste het ons 'n media en radio het ek nou eintlik gedink groot, jy weet wat is in die koerante, wat is op die radiostasies en daai tipe van ding. Maar om jou vraag pertinent te antwoord, ek dink nog steeds dit bring jou net by 'n beperkte mark uit.

Mr Johan Hattingh: Goed, dit is belangrik. Baie dankie. Die volgende een is: *Do you think that digitization will have an impact on the marketing of the congregation?* Eerste Why? Ons kan maar openlik praat, ek sal dit neerskryf, enige iemand. Netnou ???, en almal se gedagtes dalk bietjie prik. So enige iemand wat eerste wil praat of 'n gedagte wil hê.

Rev Steve Oxtan: Johan, ek dink verseker gaan digitalisering werk juis omdat ons half in hierdie digitale wêreld, of nie half nie, ten volle nou in hierdie digitale wêreld gegooi is as gevolg van die omstandighede waarin die wêreld op die oomblik is. Ek dink 'n ou gaan ook daar weereens 'n digitale strategie moet hê soos Johan en almal al reeds genoem het. Omdat elke platform eintlik half ek wil nie sê 'n teikenmark het nie, maar 'n geykte mark het tot 'n groot mate in terme van ouderdom, ouderdomsdemografie, en ook omdat elke platform verskillende moontlikhede vir 'n mens bied in terme van die hoeveelheid tyd wat 'n ou byvoorbeeld op een platform van 'n video kan sit wat jy nie noodwendig op 'n ander platform kan doen nie. So ek sou sê dis krities belangrik, maar weereens moet daar baie strategies daaraan gedink word.

Mr Johan Hattingh: Baie dankie ds Steve. Iemand wat wil byvoeg, uitbrei? Julle maak die oefening baie korter. Die volgende vraag is: *Do you have any suggestions to improve a marketing strategy in your congregation or in your Church?* Met ander woorde dis binne en buite, binne-in die gemeente, en dan breë Kerk.

Christo: Ja, miskien as ek kan begin, ek dink voordat ons praat oor bemarking moet ons weet wat ons strategie is. En my persepsie, weereens waarskynlik verkeerd, is ek weet nie wat is die Hervormde Kerk se strategie nie, en se doelwitte vir die toekoms nie. Maar dit begin daar. Dit help nie ons praat oor bemarking voordat ons die strategie het in terme van wat ons wil wees en wat ons wil bereik in die toekoms nie,

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church, Interview 1

en net so dink ek op **gemeentevlak het** ons ook nou al deur daai oefening gegaan en ons het dit redelik begin definieer en dit is 'n **dinamiese dokument**, 'n **dinamiese proses** wees, met ander woorde ons kan nie net sê die plan van vandag is die plan van volgende jaar eers nie. Ek dink **kritiese evaluasie op 'n deurlopende basis** is krities om seker te maak dat ons aanpas by veranderde **omstandighede** en **veranderde behoeftes**, en al hierdie goeters begin met 'n strategie, **nie 'n bemarkingstrategie** nie, **jou oorlewingstrategie in sekere gevalle**, of in **ander gevalle dalk 'n groeistrategie**.

Mr Johan Hattingh: Ek stem daarmee nogal saam, assosieer. Baie interessant. Nog iemand?

Prof Hein Prinsloo: Johan, dit was baie belangrik wat Christo nou net gesê het oor die strategie en jou bemarking. Dankie vir daai een Christo, die strategie lei die bemarkingstrategie letterlik. So ek dink dis 'n belangrike punt wat hy daar geopper het.

Mr Johan Hattingh: Baie dankie prof. Die volgende vraag: *Are all the different age groups in your congregation involved in the marketing of the congregation?* So dis nou net hier by die gemeente. Christo, dit klink vir my jy het die antwoord. Askies Paul, jy wil graag sê.

Rev Paul van Jaarsveld: O, nee, ek wil sommer net begin want dit vra daarso pertinent *all the age groups*. Ek dink want ek werk nou bietjie meer met van die jonger kinders, die kategeese en so aan, en ek dink rêrig daar behoort 'n **beter geleentheid te wees**, daar moet 'n plek wees vir hulle om ook bietjie meer daarby betrokke te wees en die konsep wanneer daar **jeugaksies** is om hulle half te *empower* dat hulle dit **by** hulle **skole** ook kan **adverteer**. Dat hulle weet dis **nie net 'n gemeenteding nie**, maar jy mag jou vriende saambring, jy mag dit by die skool gaan adverteer. Ja, dit is iets wat ons gaan kyk na met die jaar wat nou vorentoe lê. Maar ja, ek dink dis **hoe ons** bietjie meer die jonger **kinders kan betrek in hierdie bemarking**. En dan ook natuurlik hulle ouers, want op hierdie stadium en dit is 'n gesprek wat ons al 'n rukkie het, die vraag is nie hoe kry ons die kinders meer betrokke of ja om deel te neem nie, maar

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

hoe kry ons die ouers se inkoop daarin. Ek wil net noem voordat ons nou praat oor die breër bemarking en dit, dat daai is vir ons 'n aspek net om te onthou.

???: Ek stem saam met wat Paul sê en ek dink binne-in ons gemeente voel dit vir my dat ons kan, ons betrek nie noodwendig alle verskillende groepe nie, of dit nou ouderdomsgroepe is, of watse groepe dit ook al mag wees nie, ek dink dis een van die uitdagings wat daar gesê is, maar ek dink dit begin by eienaarskap en daai wat Paul van praat, moenie skaam wees omdat jy 'n lid is van hierdie gemeente of hierdie Kerk nie, wees eerder trots en koop in by die droom om uit te brei of wat ook al, om te groei, maak nie saak wat die doelwit mag wees nie. Maar dit begin by eienaarskap te kweek by elke liewe groep, daardeur gaan bemarking meer effektief raak dink ek. En ouens betrokke begin raak want mense is nie betrokke nie, want hulle voel nie deel nie.

???: Ek wil juis sê organiese groei gaan juis gaan begin as hulle eienaarskap vat want dan sien almal ??? outomatiese bemarking wat eintlik plaasvind.

Johan: Ek wil tog opkom vir die gemeente in terme van, ek stem presies saam met wat julle sê van die ouens eienaarskap vat, maar ek dink ons het al die eerste stap redelik goed gedoen in terme van jy kan net hoor die mense praat van die verskillende groepe. En ek dink ons het beslis fokus byvoorbeeld op die jeug en selfs binne die jeug in kleiner groepe. Ons het 'n fokus op die 20-somethings en ons het 'n geweldige verskeidenheid van kleingroepe, dalk is almal nog nie so effektief nie, maar daar is 'n baie besliste fokus binne ons strategie met die pad vorentoe van kleingroepe. En ek dink die begin is dit om daai verskillende groepe te identifiseer en te sê wat is hulle behoefte en hoe vat ons dit vorentoe. So dis nou daai doen strategie om binne die groepe die regte mense te identifiseer wat dit verder kan vat en kan vorentoe vat. Maar ek dink ons is nogal gevorder wat die strategie aanbetref en sê nou maar om dit te teiken, maar dis ongelukkig iets wat bietjie tyd vat want dis ook half 'n kultuur wat jy in die mense in moet kry om betrokke te raak en te vat en te loop. En dis ongelukkig die mense, hoe sal ek dit nou noem, die mense se aard om nie altyd die bal te vat en te hardloop met hom nie. En dis dalk deel van die bemarking wat 'n ou moet doen.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

Mr Johan Hattingh: Goed. Nog iemand. Baie dankie daarvoor Johan. Iemand wat nog iets wil byvoeg? Goed, dan gaan ek aan. Die volgende vraag is: *Will you be interested in a proposed guideline for a marketing strategy for your congregation? If yes or no, please indicate why.*

Johan: Ek sal graag daar wil ingooi want suiwer oor Franco het genoem dat ons is nou rêrigwaar besig nou al 'n paar maande met 'n ??? belangrike proses om te kyk na die strategie vorentoe en net terug te gaan na wat wie is ons en waar wil ons heengaan en hoe. En dan een van die goed wat ons geïdentifiseer het wat ons dink daar nog 'n leemte is, is 'n ordentlike oorhoofse totale bemarkingstrategie. So dit sal interessant wees om te sien waarmee jy kry uit al jou navorsing uit en te sê wat kan 'n mens leer daaruit om dit te implementeer en saam te vat, terwyl ons in hierdie proses is een-een van die volgende stappe rêrigwaar 'n groot fokus op bemarking te sit. As ek sê bemarking, dan praat ek reg van strategiese bemarking tot by die kleinste element van kommunikasie. Kommuniqueer ons goed genoeg in terme van iets wat jou afkondigings aanbetref, die hele spektrum, om daarna te kyk en te sê bereik ons die mense op die regte manier, en kry ons die boodskap uit, en kry jy dit betyds uit want dis een van die groot elemente van bemarking wat 'n mens geneig is partykeer om goed te laat te los of net te dink mense sal dit self weet terwyl dit nie die geval is nie. Ons het almal daai probleem, jy het iets in jou kop en jy dink almal het dit in hulle kop en dis nie die geval nie. So ons fokus baie beslis om 'n bemarking kommunikasieplan bymekaar te sit en dit sal help om te sien wat julle reeds ontwikkel het.

Mr Johan Hattingh: Goed. Ek sien ook nogal uit na die eindproduk. Ek weet ook nog nie hoe gaan dit lyk nie, en prof ook nie. So ja, ons sien baie uit daarna. En ek dink ook wat jy hier sê Johan, is baie keer is daar 'n vensterperiode wat daar is wat ons nie noodwendig altyd gebruik nie. Ek dink nou maar skielik aan die geleentheid van die POP UP-kerke by julle wat julle gemeente van stapel laat stuur of gestuur het. Daar was 'n vensterperiode gewees. Dis dalk 'n nuwe manier van kerkwees vir die toekoms en dit moet bemark word.

Johan: Absoluut reg, 100% korrek. Dis presies waar ons is. Jy weet en dis om te kyk na al daai verskillende bedieningskanale wat ons op begin te fokus. Dis

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 1

verskillende teikenmarkte en dis mense wat nog 'n tradisionele uitkyk het en dalk daai nuwe kanale amper as 'n bedreiging sien of as hy iets anders sien en nie as deel van ons kerk nie. En dis hoekom ons sê ons **fokus op bemarking op alle vlakke**. Dis die strategiese vlak wat ons moet regkry, maar dan moet jy nie die elemente van alledaagse kommunikasie agterweë laat nie. So dit word eintlik 'n al hoe wyer en breër raamwerk van bemarking wat 'n mens in die Kerk moet inbring.

Mr Johan Hattingh: Goed. Nog iemand wat iets wil byvoeg? Julle is baie welkom. Dan die laaste ene: *Will your congregation be interested in a proposed guideline for a marketing strategy?* Ek dink die feit dat ons almal hier is vanaand sê vir my baie dat, en wat Johan nou net gesê het, is **hoe lyk so strategie**. Maar die feit dat julle bereid is om deel te neem aan hierdie onderhoud vanaand sê ek vir julle baie dankie. Ek weet nie kom ons hoor, is daar iemand wat iets hierop wil antwoord? Franco, baie dankie dan. Dit klink vir my ek is dan klaar vir vanaand vir die vrae wat ek vir julle gehad het, die inhoud wat ek kon kry, baie baie dankie daarvoor. Ons sal met die gemeente wel in kontak bly. Ek onderneem dit van my kant af. En dan die uitkoms van die studie dan ook met julle deel op die einde van die dag.

Franco: Dankie, Johan, dankie vir jou tyd. Dit was vir ons lekker om ook deel te wees daarvan. Dankie, ook vir die prof. En sterkte vir julle, ja, jy het 'n bietjie werk sekerlik voor jou en sterkte vir julle, en, dis baie opwindende werk, en ek dink dit is regtig werk wat in ons Kerk in die breë 'n groot verskil kan maak. So baie sterkte vir julle hoor.

Mr Johan Hattingh: Baie baie dankie Franco. Daar was nou iets wat ek wou gesê het. Ek weet nie prof Hein, wou jy iets gesê het?

Prof Hein Prinsloo: Ek wil net, Franco, dankie julle, dit was ongelooflik. Dis ons eerste onderhoud en ek dink dit het baie goed afgeloop, en baie dankie, *thanks* dat julle ouens kom insit het, dit was baie baie nice. Ek praat nou net ouens, ek praat ook van die dames natuurlik.

Mr Johan Hattingh: Franco, dis wat ek wou gesê het, afgesluit het om te vra dat jy net daai *recording* vir my sal stuur asseblief.

Franco: Ja, Diane sal vir jou stuur, sy sal met jou kontak maak en vir jou aanstuur Johan, alles reg hoor. Lekker aand vir julle.

???: Dankie julle, lekker aand.

---oOo---

APPENDIX G: INTERVIEW 2



RESEARCH PROJECT ON MARKETING STRATEGY FOR MINISTRIES WITHIN THE REFORMED CHURCHES

Mr Johan Hattingh, under the supervision of Prof Hein Prinsloo

INTERVIEW 2

Candidate 1: Daarsy, ek neem die gesprek op hoor, niemand hier gee om nie, want hulle is in elk geval slim mense, hulle gaan goeie goed sê.

Mr Johan Hattingh: Dit sou ek nog by uitgekome het, baie dankie dat almal wat ingewillig het dat ons die gesprek kan opneem. Dit word dan ook getik vir analitiese doeleindes sodat dit kan deel vorm van my *mini dissertation*. So ek het gesê die doel waarvoor dit is. Is daar enige iemand wat 'n beswaar het as ons deur hierdie vraelyste gaan, uit die aard van die saak met ek dit stel om te sê julle is enige tyd welkom om te onttrek, om te sê ek stel nie meer verder belang om deel te neem hieraan nie. So julle is ook welkom om dit te doen. Al hierdie data is dan ook konfidentsieel. Ons hanteer al hierdie goetere baie vertroulik, so hiervandaan af het ek 'n paar name, maar in my analitiese ontleding werk ons met kandidaat A, B, C of D, en ds Colin was so gaaf gewees om vir my elkeen se, kom ons se posbenaming deur te gee wat julle hanteer of wat julle beset op dié stadium. So ek gaan maar daarvolgens werk. So dis baie konfidentsieel, so ek werk met die voorsitter van die vergadering, die voorsitter van die BKG, die voorsitter van die ouderlinge- en diakensvergaderings, en die jeug, en so gaan ek aan, die skriba, so dis alles anoniem hiervandaan af verder vorentoe. Uit die aard van die saak is al hierdie data dan vertroulik en daar is nie 'n reg of verkeerd antwoord nie, dit wil ek sommer dadelik sê. Dit gaan my net help vorentoe in hierdie navorsing, en ek dink as ons deur dit is, dan gaan julle vir my kan sê of ek op die regte pad is of nie met my navorsing. Dalk net so by hand opsteek of die knik van die kop, enige iemand 'n probleem om saam met ons te werk in hierdie onderhoud, enige een wat 'n beswaar daarteen het? Niemand nie? Baie dankie. Ds Colin was

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

so gaaf gewees om vir my ongelukkig of gelukkig julle ouderdomme vir my deur te mail, so ek gaan dit nou nie hier weer vra nie. So dis die eerste vraag wat ons hierop werk is die ouderdomsanalise van elke lid wat daar is. So die volgende vraag is, dit gaan maar oor kwalifikasies. Ek wil sommerso hoor, hier is vier kategorieë, ek het die lyste deurgegee deur die dag, ek weet nie of ds Colin dit met julle gedeel het nie. Maar ek gaan dit so vir julle probeer lees dan as julle dit nie voor julle het nie. Die eerste vraag is highest qualification, dis dan A is dan matrikulant, graad 12, dan geen tersiêre opleiding nie. Of B kwalifikasie is C. Of D 'n nagraadse kwalifikasie, *postgraduate qualification*. Kom ek hoor by Irma.

Candidate A: A.

Mr Johan Hattingh: A. En Johnny?

Candidate B: A.

Mr Johan Hattingh: En Wimpie?

Candidate C: Ook 'n A.

Mr Johan Hattingh: En Herman?

Candidate D: A.

Mr Johan Hattingh: Riaan?

Candidate I: Hy het 'n ingenieursgraad, so wat is dit?

Mr Johan Hattingh: B-graad of is dit 'n nagraadse M.

Candidate I: Ingenieursgraad. Dit is die drie jaar/vier jaar ingenieursgraad.

Mr Johan Hattingh: Goed. En Danie?

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

Candidate E: A.

Mr Johan Hattingh: En Elmarie?

Candidate F: A.

Mr Johan Hattingh: En is dit Lona?

Candidate G: A.

Mr Johan Hattingh: En Dirk?

Candidate H: B. Ek het nie gehoor wat is die opsies nie.

Candidate I: Wat is die opsie van B?

Mr Johan Hattingh: Geen tersiêre *education* nie.

Candidate I: Tersiêre opleiding né, ja, hy het tersiêre opleiding.

Mr Johan Hattingh: Okey, so dit is 'n B-graad, né?

Candidate H: Ja.

Mr Johan Hattingh: Goed. Dan die volgende vraag is: *How long have you been a member of the Church?* Nou dit kan van die gemeente self wees of selfs die breë Kerk. So van wanneer af is jy dan kom ons noem dit 'n belydende lidmaat van die Hervormde Kerk?

Candidate I: Spesifiek van die Hervormde Kerk Johan?

Mr Johan Hattingh: Weet jy, dit kan van die drie, enige van die drie susterkerke wees. Kom ons brei uit na die susterkerke toe, so dis enige een van die drie susterkerke.

Candidate I: Okey, ek gaan jou gou help. Dink julle elkeen, en dan sê julle gou vir my. Danie, hoe lank?

Candidate E: ???.

Candidate I: So Danie is 27, 47, 48, Danie 48 jaar. Herman?

Candidate D: ???.

Candidate I: Belydende lidmaat. So Herman moet wees so 20 jaar. 20 jaar. Irma? Elmarie, jy so lank?

Candidate F: 27.

Candidate I: Elmarie 27 jaar.

Candidate A: 45 jaar.

Candidate I: Irma 45 jaar. Dirk 55 jaar, eintlik 57 jaar.

Candidate C: ???.

Candidate I: Wimpie 31 jaar. En Johnny?

Candidate B: 38.

Candidate I: 38 jaar. En Riaan 18 jaar.

Mr Johan Hattingh: En jy ds?

Candidate I: Lank jong, 33 jaar, belydende lidmaat né.

Mr Johan Hattingh: Yes. Goed. Die volgende vraag gaan juis, begin ons nou beginne werk aan die strategie gedeelte, so ek kan dit oopmaak vir julle elkeen om iets te sê ek gaan nie op die elkeen 'n kans gee om te praat nie, of nie, ek gaan elkeen 'n kans gee, maar ek gaan nie op die ry afgaan nie. So die vraag is: *What is your views about a marketing strategy in the Netherdutch Reformed Church?* Met ander woorde, die wye Kerk van, die totale Kerk, nie die gemeentes nie, maar hoe sien julle die bemarkingstrategie in die Hervormde Kerk. Enige een kan enige tyd iets vir my sê, ek wil nie iemand op die *spot* plaas nie.

???: ???.

Candidate I: Kyk Johan, dis nou bietjie 'n oop vraag né. Bedoel jy, hoe, wat is ons opinie oor hoe die Hervormde Kerk as geheel homself bemark?

Mr Johan Hattingh: Ja, wat is, ja, hoe sien julle, ja, jy's heeltemal reg Colin. Bemark die Kerk homself, is die Kerk daar om te bemark, dink jy ons het die Kerk het enigsins 'n bemarkingstrategie nodig? Is ons, het die Kerk 'n strategie wat ons mee kan bemark? Elkeen se mening.

Candidate I: Goed.

???: ???.

Candidate I: Ja, maar hierdie, ons het nou oor ons gemeente gepraat né. Johan se vraag is die hele Hervormde Kerk met al sy 300 gemeentes en al sy sinodale aktiwiteite en al sy tydskrifte, en sy Internetplatform en so aan. Hoe beleef julle die bemarkingstrategie van die Hervormde Kerk? Hulle gaan almal antwoord en julle moet net naby kom antwoord hierso. Ek gaan net vir ons ander klank probeer kry. Johan, hulle is slim mense hierso, hulle gaan nou vir jou sê wat hulle beleef.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

Candidate E: Ek weet nie of jy kan hoor nie, ??? woord wat ek gesê hê, die Kerk in die geheel ??? groot leemte aan bemarking.

Mr Johan Hattingh: Askies, Danie, kan jy net bietjie nader kom staan asseblief, ek het gesukkel om te hoor.

Candidate E: Johan, ek sal sê die Kerk in die geheel, ons praat nie van afsonderlike gemeentes nie, kan die Kerk meer doen om homself te bemark tans. By ons gemeente is dit 'n ander saak. Digitale bemarking sal die pad wees om te gaan dink ek, dit is wat ons ook tans in ons gemeente gebruik.

Mr Johan Hattingh: Goed, ek wil so vra, die volgende vraag gaan oor die gemeente wees, so kom ons hou dalk net die gemeente se strategie terug. So kom ons kyk, kom ons fokus net nou eers op die breër Kerk. Kom ek gee gou-gou dalk 'n bietjie leiding in terme van, kommunikasie, hoe's die kommunikasie in terme van die breër Kerk na die gemeente toe? Is daar 'n bepaalde behoefte wat die gemeente dalk, wat kom ons sê as ons makro moet dink, wat verwag julle moet die Kerk doen in terme van kom ons noem dit kommunikasie want dis ook 'n mate van bemarking?

Candidate E: Lyk my ek het nou die woordvoerder geword hierso. Johan, ek sal dink dat daar, ons sal die behoefte van die gemeente se kant af om tydens krisisgevalle wat plaasvind in ons land en in ons omgewing, dalk meer leiding te kry van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kerk in geheel oor sekere sake. Ons sal graag wou sien dat die Kerk meer standpunt inneem, kom ons sê nou basiese 'n voorbeeld nou, kom ons praat nou van die inenting. So ver ek weet het die Kerk nog nie uitspraak gemaak daaroor nie. Sou dit nie dalk nodig wees dat die Kerk uitspraak moet maak daaroor vir sy lidmate nie. Sekere sake wil lidmate verwag om die Kerk leiding gee.

Mr Johan Hattingh: Goed, dit gaan nou rondom dan kommunikasie grotendeels waar daar 'n groot leemte is.

Candidate I: Johan, Johan, gee my net 'n oomblik asseblief. Ek probeer net vir ons 'n ander klank hier aansit.

Mr Johan Hattingh: Dis reg.

Candidate I: Want die klank wat ek hier het, is 'n bietjie sleg. Praat gou ek hoor.

Mr Johan Hattingh: So as ek kan opsom Herman, dit gaan oor die kommunikasie binne die gemeente se behoefte wat die kom ek sê van die sinodale kant en van die Kommissie se kant af deurvoer na die gemeentes toe. As ek net so bietjie aan 'n ander saak kan raak ook. Okey, ek stop.

???: Wag eers Johan. Ons hoor niks.

Candidate I: Johan, net 'n oomblik, ons wil net kyk of ons die klank beter kan kry.

Mr Johan Hattingh: Ek het 'n stelling hier by my gemaak, ek weet nie of dit beter is nie. Klink nie so nie.

Candidate I: Johan, net 'n oomblik hoor.

Mr Johan Hattingh: Dis reg.

Candidate I: Ons sukkel net om te hoor want die klank is nie lekker nie, nou sit ons 'n groot *speaker* hierso, as ons hom gemaak werk kry, gaan ons baie goeie klank hê. Okey Johan, ons gaan maar weer terug op ons vorige klank, ons kon darem iets hoor of ons kon genoeg hoor, ons moes net ons ore spits. So ons gaan weer terug moet gaan op hom want ons kry nie beter klank gekoppel nie.

Mr Johan Hattingh: ??? kyk of ek my oorfone kan opsit. As ek my oorfone opsit is die mikrofoon dalk sterker, kom ons probeer maar weer. Kan julle my nou, hoe klink my klank nou? Colin, kan julle my hoor? Kan julle my nou hoor of is dit nou swakker?

Candidate I: Daarsy, jy kan weer praat Johan.

Mr Johan Hattingh: Hoe klink my klank?

Candidate I: Ja.

Mr Johan Hattingh: Is my klank beter of is hy swakker?

Candidate I: Baie beter, nou hoor ons jou.

Mr Johan Hattingh: Okey, laat ek my oorfone ook so, nou kan ek met julle praat, ek hoop nie daar is 'n gedruis in die agtergrond nie.

Candidate I: Nee, ons hoor jou beter as wat ons jou netnou gehoor het.

Mr Johan Hattingh: *Great.* Goed, nou kan ek weer my papiere nader trek. So, ek wil net gou-gou saamvat Colin. Herman, wat ons gesê het, dit gaan oor die behoefte en die dink die twee voorbeelde wat ek netnou wou genoem het, is die kwessie rondom die inligting van die brande van die Vrystaat, wat het die Kerk gedoen daarrondom? Hoe was ons betrokke daarby gewees Die Knysna brande so paar jaar terug. Is dit die inligting waarna julle ook opsoek is na in die gemeente?

Candidate I: Johan, as jy my mening vra, dan dink ek die Kerk **maak 'n fout deur te dink dat ons op harde kopie nog effektief kan kommunikeer.** Ons stuur lang briewe uit en ons *mail* dit na die Kerkkantoor toe, en dan dink ons dit moet uitgedruk word en by die deure uitgegee word of daar moet ietsie voorgelees word. En ek dink **ons samelewing is lank verby daardie soort bemarking of bekendstelling.**

Mr Johan Hattingh: Ek hou daarvan.

Candidate I: Laat ek net sê, dieselfde met Die Hervormer né en met die tipies met die ou Konteks, is ons Hervormers se sirkulasiesyfers dit gewys. Die behoefte aan

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

gedrukte harde kopie media raak al hoe kleiner en ons het as Kerk dink ek nie regtig daarin geslaag om die leemte wat geskep is te vul nie.

Mr Johan Hattingh: Ja. Colin, dit is so waar. Ek dink dit is deel van die studie wat dit gaan heel waarskynlik uitwys, ek wil nie 'n ding vooruit hardloop nie, maar ek dink daar is 'n groter behoefte aan elektroniese kommunikasie en ook visuele kommunikasie op 'n bepaalde manier. Goed, kom ons gaan aan, ek weet julle tyd, julle het nog 'n vergadering hierna, so ek gaan so bietjie druk vir tyd en aanjaag, maar ek wil nie die proses onnodig kortknip nie. So die volgende vraag is: *What is your views about the current marketing situation in your congregation?* Met ander woorde, in julle gemeente, hoe lyk julle bemarkingsituasie binne-in die gemeente? Enige ene, ek kan, ek wil nie iemand op die *spot* plaas nie asseblief.

???: Op hierdie stadium voel ons as gemeente dat ons 'n baie effektiewe manier het wat **ons dit doen deur digitaal** alles deur te stuur na die gemeentelêde toe wat hulle weer na familie en vriende toe stuur wat ons gemeente wyd deur Suid-Afrika en deur die land neem. Ja, verder landuit. Ons is al tot in Kanada wat mense met ons inskakel.

Mr Johan Hattingh: Goed, dit is basies dan nou ook eredienste, maar dit wat buite die eredienste gebeur, kommunikasie, van 'n vergadering soos hierdie, ander tipe van bemarking in die gemeenskap, wat doen die gemeente in die gemeenskap, hoe loop daardie bemarkingstrategie binne die gemeente?

???: Dit, baie effektief. Ons het **verskillende medias waarmee ons werk**. Nie net die eredienste nie, soos kommunikasie oor vanaand se vergadering word twee of drie keer met jou gekommunikeer. Ons het aand Bybelstudies wat ons doen wat deur die loop van die dag na jou toe gestuur word wat jy weer aanstuur na 'n ander persoon toe. So dit word weer **deur WhatsApp's** gedoen. En ja, **ons voel dit is uitstekend effektief**.

Candidate I: Maar Johan, ons het ook nou net 'n vergadering gehou, of eintlik 'n stuk toerusting oor onder meer kommunikasie. En ons het **besef post-COVID** gaan ons meer en meer en meer en meer en meer moet kommunikeer, en **meer effektief ook moet**

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

kommunikeer deur spesifiek die digitale media te gebruik. So ons is nie waar ons moet wees nie, alhoewel ons dankbaar is vir waar ons is.

???: Ja.

Mr Johan Hattingh: Goed, ek gaan later vra die verskillende platforms, so ek gaan nie nou vra wat's die platforms wat alles gebruik word nie, maar ons sal netnou daarby uitkom, veral die manier van bemarking in die gemeente, veral wanneer ons kom by wat doen ons vir die gemeenskap, wat doen die Hervormde Kerk Middelburg-Noord vir die gemeenskap. Hoe reik ons uit, hoe kan ons, want hierso gaan dit nie net oor dit wat ons intern wil doen nie, maar ook wat ons buitekant vir die Kerk of die gemeenskap wil sê, die wêreld daar buitekant sê maar ons is 'n klein kerkie, maar ons is baie effektief. Kom, hier is 'n geleentheid. So dit is nie net vir intern nie, maar ook dan nou vir ekstern bemarking wat ons hier na verwys. So baie dankie, ek dink, ek is baie dankbaar vir die inligting wat ek hieruit gekry het vanaand. *What will you include in a marketing strategy* binne die gemeente? Wat dink julle behoort in so 'n strategie te wees? Strategieplan?

Candidate I: Wat behoort ons in te sluit in 'n bemarkingstrategie is Johan se vraag.

Mr Johan Hattingh: Dis reg.

???: ???.

???: ??? ek wonder ander gemeentes wat suksesvol is, ??? daar is gemeentes wat sukkel, ??? gemeentes wat sukkel.

Mr Johan Hattingh: Askies, ek hoor nou glad nie.

Candidate I: Ja, Johan, die vraag is wat behoort ingesluit te wees by ons bemarkingstrategie né?

Mr Johan Hattingh: Ja.

Candidate I: Danie sê die dienste wat ons lewer behoort bemark te word en dit behoort bemark te word nie net binne die gemeente nie, maar ook buite die gemeente. En hy praat nie net van eredienste nie, hy bedoel ook pastorale dienste, ons geboue wat beskikbaar is, ons het redelik beskikbaar, ons stel ons geboue baie beskikbaar, ons stel ons eredienste in die gemeenskap op YouTube en per WhatsApp en per boodskappe beskikbaar. En ons kleingroepbediening is eintlik op 'n manier 'n bemarking van sy eie want daar is soos vyf lidmate wat deel is daarvan en hulle nooi nog vyf wat nie lidmate is nie. En so ook ons reikwydte, ons het nounou daaroor gepraat, waarskynlik is die helfte van al ons pastorale gesprekke wat in die gemeente gevoer word en nie net deur my nie, maar oor deur ds Christo van der Merwe, waarskynlik almal, helfte van hulle is mense wat nie in die gemeente is nie. Die rede hoekom dit gebeur is ons voetspoor lê wyd genoeg dat nie-lidmate nie en nie-kerkgangers nie, bewus geraak het van die diens wat ons lewer, dis waarna Danie verwys. Maar soos, ons gee glad nie voor dat ons is waar ons moet wees nie, daar is so baie wat ons nog kan doen.

Mr Johan Hattingh: Ja, Colin, ek dink dit is heeltemal waar, ek dink ons is nie vanaand op soek na regte of verkeerde antwoorde nie, en wat ons mag doen en nie mag doen nie. Ek dink kom ons, ek hou van wat ek hoor vanaand, ek is absoluut opgewonde oor wat ek hoor, en ek dink dit kan vir ons rêrig vorentoe baie help. Ek wil dalk ook sê dat een van die gedagtes is ook om te sê, wie wil ons almal, wie moet ons teikenmark wees. Nou ek weet nie, het julle dalk aan so iets gedink van wie wil ons rêrig beginne kyk, wil ons na ons jongmense kyk, na ons jong getroudes, of na iemand anderste. So dit is wat ek ook nogal aan dink.

???: ???

Candidate I: Johan, jy kan nou nie hoor nie, maar almal hier sê ons wil spesifiek fokus op jongmense. Ons gemeente se bedieningsplan het, sê ons wil spesifiek fokus op jongmense en op 'n digitale bediening, en dit is wat hulle sê, hulle vra op wie wil ons fokus, ons sê almal wat hier is en almal wat nie hier is nie, maar met spesifieke verwysing na jongmense.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church, Interview 2

Mr Johan Hattingh: Okey.

Candidate D: ??? gemeenskap rondom ons.

Candidate I: Ja, en Herman sê en ons fokus is op die gemeenskap rondom die kerk en nie net die gemeenskap van die kerk nie. Jy verstaan, nie net die gemeentede nie.

???: ??.

Candidate I: Ja, ons het byvoorbeeld 'n projek op die oomblik waar ons elke maand aan 'n instansie of 'n groep mense in die gemeenskap 'n ietsie gee om as 'n blyk van waardering vir die diens wat hulle aan die gemeenskap lewer. So, in September het ons vir al die dokters en die verpleërs ietsie gevat, en nou in Oktober is dit vir al die ander mediese personeel, en in November is dit vir al die, almal wat bejaardes versorg waarvan ons weet, en almal wat kankerpatiënte versorg. So ons fokus spesifiek op hulle, en dan reik ons uit na hulle toe as deel van ons dienslewering. So dit is dink ek wat Herman na verwys.

Mr Johan Hattingh: Nee, dis reg, baie baie dankie. Ek het dit aangeteken. Die volgende vraag is: *Which marketing tool or tools will you think will provide an effective and efficient marketing congregation ministries?* Met ander woorde, watter van hierdie *marketing tools* sal ons doeltreffendheid gee binne-in die gemeente? Nou hierso is so ses gemerk. Ek gaan hulle so vinnig lees. *Visibility, media publishing, radio broadcasting, infographics, social media and digital marketing.* So dit is die ses mediums wat ek het, en nou wil ek dalk net gou vra voordat julle antwoord: Is julle almal vertrouwd met die term *infographics*? Het julle al gehoor van dit? Dis 'n *one pager*, dis amper soos 'n *flyer*, dis net 'n elektroniese vorm van 'n *flyer* waar jy op een bladsy 'n klomp inligting kan deel wat bietjie kleur bevat en, dis baie interessant, wat die *infographics* is wat 'n mens dan kan ook gebruik as bemarkingsdokument of selfs elektronies kan doen. Die sagteware PowerPoint het 'n vooraf opgestelde voorbeelde van so *infographics* wat mens baie vinnig kan sê hoe lyk dit en wat gaan aan in 'n gemeente, wat wil jy alles doen. So dis 'n baie handige *tool* as ek dit so kan gebruik.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

So kom ons hoor, en ek wil vra dat almal bietjie deelneem om te sien hoe sien julle dit, sien julle die effektiwiteit lê binne *visibility*, *media publication*, *radio broadcasting*, *infographics*, *social media*, *digital marketing*?

Candidate I: Wil jy nie daai ses stadig sê nie, dan gaan ek dit net hier herhaal want dis bietjie vinnig, ek dink nie ons kan mooi hoor nie. Die eerste ene is?

Mr Johan Hattingh: *Visibility*.

Candidate I: *Visibility*. Okey.

Mr Johan Hattingh: Ja.

Candidate I: Behoort ons deur *visibility* te bemark? Okey, die volgende ene.

Mr Johan Hattingh: Is *media publication*.

Candidate I: Publikasies.

Mr Johan Hattingh: Koerante en sulke goeters.

Candidate I: Publikasies, koerante, blaadjies en sulke goed. Goed. Ja?

Mr Johan Hattingh: *Radio broadcasting*, radio advertensies, radiobemarking.

Candidate I: Radio advertensies. Nee, goed.

Mr Johan Hattingh: *Infographics*.

Candidate I: Hierdie *infographics* waarvan hy nou praat.

???: *Infographics*, is dit soos 'n uitnodiging wat jy digitaal kry byvoorbeeld?

Mr Johan Hattingh: Dit kan, dit kan, dit is so soortvan, dit is 'n uitnodiging en kan ook meer detail wees wat jy voorsien in so 'n dokument. So ons kan Middelburg as voorbeeld vat, Middelburg-Noord as voorbeeld vat, om te sê wat is julle visie, missie, hoe lyk julle ouderdomsprofiel binne die gemeente, mans, vrouens, daai tipe van dat jy dit visueel eenvoudig kan stel op een bladsy, wat klomp inligting voorsien. Dis wat *infographics* maar basies doen.

???: ??? van wat ons kerk is.

Mr Johan Hattingh: Ja, ek kan vir julle gou 'n voorbeeld soek, maar ek weet julle is ook haastig.

Candidate I: Wat is die vyfde ene?

Mr Johan Hattingh: *Social media* soos Facebook, Twitter, Instagram.

Candidate I: En die laaste ene?

Mr Johan Hattingh: Is *digital marketing*, elektroniese media wat ons nou al gehoor het wat by julle baie goed effektief werk.

Candidate I: Kan ek vra, gaan dit jou help as ons hulle vir jou in volgorde rangskik van een tot ses?

Mr Johan Hattingh: Baie, asseblief.

Candidate I: Goed. So dis *visibility*, publikasies, ek dink amper publikasies en radio advertensies kom vyf en ses né. Ek hoor julle, julle sê so. En lees publikasies is later, dis wat julle sê okey. Okey, goed, ses en vyf. En dan?

Mr Johan Hattingh: *Infographics, social media and digital marketing.*

Candidate I: En *visibility*.

Mr Johan Hattingh: Ja.

???: Sluit *digital marketing* YouTube-kanaal in of is YouTube *social media*?

Mr Johan Hattingh: Ek sal dit onder *digital marketing* sit. Want *social media* is nie noodwendig YouTube nie.

Candidate I: Facebook is tipies dan nou sosiale media né?

Mr Johan Hattingh: Ja, Facebook, Twitter, Instagram, WhatsApp.

Candidate I: ??? sosiale media een en twee, is dit wat ek by julle hoor. Een en twee. En dan *infographics* en *visibility* bly oor. Daar kort 'n drie en 'n vier. Visueel drie en vier is *infographics*. Okey, hier is konsensus. Ons reken, ja, ek het ook so idee.

???: ??? sosiale media.

Candidate I: Ja, eerder as digitale né. Ons reken een vir ons behoort te wees, dit is nie in ons eie fokus nie, maar dit behoort te wees, een sosiale media. Twee digitale bemarking, drie *visibility*, vier *infographics*, vyf radio advertensies en ses publikasies.

Mr Johan Hattingh: Okey.

Candidate I: Sien, en die Kerk is baie sterk op publikasies, maar ons het nie 'n leeskuiluur meer nie, daai kuiluur is besig om 'n taan. Dis ongelukkig is dit so.

Mr Johan Hattingh: Ja, ek wil nie die ding vooruit hardloop nie, maar Colin, ek dink dit is deel van hierdie navorsing wat ons nou uitwys wat ons na die Kerk toe kan vat op die einde van die dag. So baie dankie, dit is baie baie belangrik, ek sê vir julle baie dankie. Die vraag is: *What is the reason for your selection of the above?* En Colin, ek dink dit het ons alreeds een aspek aangespreek om te sê die leeskuiluur het verander.

Ds Hertzog: Ja, hoor julle Johan? Wat Johan vra is hoekom sit ons dit in hierdie volgorde? Kan ek waag om te sê want een soos hyself sê leeskultuur het verander, mense lees nie meer publikasies nie, hulle lees tipiese kort kragtige sosiale media posts.

???: Hulle wil nie die negatiwiteit ???, lees ook nie meer koerante nie. Die negatiwiteit ???, mense is moeg vir negatiwiteit.

Candidate I: Goed. So die leeskultuur het verander, mense lees nie meer lang goed nie, hulle lees tipiese posts. Die tweede ding is die gedrukte media sê Lona is geneig om baie negatiewe beriggewing te bevat en sensasie gedrewe te wees, en dit behoort vermy te word. En dit is baie keer ou nuus, hoor 'n bietjie wat sê Elmarie, want dit is so, maar dit is ook gevaarlike nuwe nuus, dit is nie net, dis gevaarlike nuwe nuus ook, maar dit is ou nuus. Maar ek dink vir ons sou ons sosiale media en digitale bemarking een en twee sit want ons wil 'n baie sterk virtuele teenwoordigheid in die gemeenskap hê.

Candidate D: En uit ervaring uit, die laaste ???.

Candidate I: Ja, en Herman sê ons het in die laaste 18 maande uit ervaring gesien hoe waardevol digitale bemarking en sosiale media vir ons was. En veral vir jonger mense.

Mr Johan Hattingh: Goed, is daar nog iets wat ons wil byvoeg hierso?

Candidate I: Hy vra is daar nog iets wat julle wil byvoeg.

Candidate D: Die visibility sal 'n basaar byvoorbeeld deel van dit vorm want dit is 'n groot deel van ons kerkwees, daar's baie mense wat wil ???.

Candidate I: Hoor jy wat vra Herman, Johan?

Mr Johan Hattingh: Die visibility van die basaar?

Candidate I: Hy vra of dit tipies deel van die *visibility* is as 'n mens die basaar bemark en die mense, en die parkie staan vol karre, en die mense kom hieraan en hulle weet waar dit is. Wat ons adres is.

Mr Johan Hattingh: Dit sal definitief wees. Ek het, ons het gisteraand by 'n ander onderhoud gesien, die opmerking gekom, en nou wil ek dit maar nie eintlik lei nie, maar die opmerking wat gekom het dink ek is belangrik daarom ook hier te noem, is die beginsel van *word of mouth* bemarking, en ek dink dit sluit baie naby aan aan *visibility*. Wat doen die Gemeente Middelburg-Noord vir die gemeenskap, die advertensie wat gesê is ons het vir die susters en dokters in COVID-tyd geondersteun, daai tipe van *word of mouth* om te sê ons is nie net inklusief nie, maar ook eksklusief wat ons uitreik.

Candidate I: Kyk Johan, ons *visibility* is ook redelik sterk gebou rondom die feit dat ons 'n beginselbesluit het dat ons ons geboue en fasiliteite vir die gemeenskap beskikbaar wil hê. So ons het 'n kleuterskool wat ons vanoggend gehoor het nou al 'n 100 kinders het. En die bedoeling daarvan is juis om te sê daai mense moet as dit dan nou nie deur die erediensbediening of ander bedieninge is nie, moet hulle vertrou raak met die kerkterrein, en daarom is hier 'n kleuterskool want dit bring mense kerkterrein toe. Dit is deel van ons *visibility* poging is om te sê maak ons fasiliteite beskikbaar vir almal.

Mr Johan Hattingh: Dis reg, en dan ook natuurlik die naambord aan die buitekant.

Candidate I: Ja, ja, maar daar het ons 'n tekort, ons moet beter vaar met dit. So ons is nie waar ons moet wees nie hoor.

Mr Johan Hattingh: Dis reg. Ek sal, as ek my ander hoed opgesit het netnou, dan sal ek praat oor die naambord. Maar ek kan nie nou nie. Dan die volgende vraag is: *Do you think digitalization will have an impact on the marketing of the congregation?* Indien wel, brei uit. So ek dink ons het al baie daaraan gepraat, toe ons gepraat het hoe julle dink dit moet wees en in 'n gemeente ???.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

Candidate I: Hoor julle? Hy vra die digitale bemarking, is dit vir ons belangrik en waarom, maar ons het al redelik die vraag geantwoord né.

Mr Johan Hattingh: Dis reg. Ek gaan aan na die volgende vraag toe: *Do you have any suggestions to include a marketing strategy in your congregation or in the NHKA?*

Candidate I: Het ons enige voorstelle, hoor ek jou reg? Dis bietjie onduidelik, het ons enige voorstelle wat ons wil maak vanuit ons gemeente aan die Kerk, aan die Hervormde Kerk, is dit reg?

Mr Johan Hattingh: Ja, in terme van bemarkingstrategie.

Candidate I: In terme van bemarkingstrategie.

???: ???.

Candidate I: Elmarie sê die Kerk kan meer *visible* wees né, meer sigbaar raak. Ek het byvoorbeeld oor moreoggend se gesprek met die Moderamen, jy hoor nou more se gesprek gaan weer oor nog 'n publikasie. Ek het 'n idee dit is totaal die verkeerde pad. Ons moet eerder 'n video'tjie maak wat ons R43 000 kos om te maak, nee, wat ons R20 000 kos om te maak. R10 000 spandeer ons op 'n ou wat die NG en die AP Kerk en die Gereformeerde Kerk se Internetstelsel kan *hack*, en ons versprei daai video aan al ons 60 000 lidmate en al hulle 600 000 lidmate, en ons het 'n veel wye reikwydte as deur 'n artikel in 'n Engelse publikasie. Want dit is tipies die manier waarop ons gemeente ook dink, ons dink digitaal. Nou ek, jy moet nou nie oorvertel nie, wat ek nou sê nie, want ek spot sommer as ek sê van die *hack* van hulle stelsels, maar jy hoor digitale media het geen grense nie, dis nie beperk tot die 10 000 publikasies wat uitgegee word en iewerste tussen 'n klomp ander tydskrifte beland nie. Dit word aangestuur, en aangestuur, en aangestuur.

Mr Johan Hattingh: Dis reg. Is daar nog voorstelle wat ons moet maak om die Kerk te bemark buitekant en om meer te doen?

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

Candidate I: Kan ek sommer namens Danie, want ek sien dis wat hy wil sê, Danie voel vreeslik sterk daaroor dat ons in tyd vinnig moet kan reageer op samelewingsprobleme. As daar 'n probleem is, moet ons binne daai selde dag die Kerk se stem laat hoor aan sy lidmate en die gemeenskap. Aktuele goed, soos moet ons inent of moet ons nie inent nie, jy hoor. Danie, en ek stem met Danie heeltemal saam, as die Kerk relevant wil wees, moet ons dit in tyd doen, dit moenie in 'n harde kopie drie maande later volg nadat tien ouens eers nog baie navorsing gedoen het nie. Dit is nie uitgesluit nie, dit is ook belangrik, maar daai in tyd vinnige reaksie is vir ons belangrik. Danie voel baie sterk oor die ding al vir baie jare. Ek en hy het eintlik 'n staande opdrag vanuit die kerkraad daaroor.

Mr Johan Hattingh: Ja, ek mag my nou nie, ek mag nie kommentaar lewer nie alhoewel ek bitter graag 'n opmerking wou gemaak het, maar ek dink dit is so belangrik dat 'n mens die vensterperiode Danie, wat daar oopgaan moet gebruik, ongeag of dit 'n kwessie oor inenting is, en of dit oor watse uitsprake gemaak is, daar moet 'n bepaalde vensterperiode gebruik word, en die Kerk se stem laat hoor. Dis wat ek hoor.

Candidate I: Ja, dis reg. Ja, dis Danie se bedoeling hiermee.

Mr Johan Hattingh: Goed. Die volgende vraag is: *Are all the different age groups in the congregation involved in the marketing of the congregation?*

Candidate I: Is al die ouderdomsgroepe van die gemeente betrokke in die bemarking? Nee, ek dink ek dink nie ons vaar goed met dit. Ons stuur byvoorbeeld baie boodskappe na al die selfoonnommers toe, maar ons het, ons is 'n groot gemeente, hier is 1 500 mense, ons het byvoorbeeld nie al die kinders se nommers nie., so baie kinders ontvang nie ons bemarking nie. Op tipiese platforms waar kinders op is, soos waarskynlik Twitter en Instagram is ons nie teenwoordig nie, en dit is waarskynlik meer kindervriendelik as Facebook en WhatsApp. En ons vra ook nie die kinders om betrokke te raak in dit wat bemark moet word nie. So ons het 'n leemte daarin né, is ek reg?

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

???: ???.

Mr Johan Hattingh: Ek het nie gehoor nie.

Candidate I: Herman sê ons het al die jongmense bymekaargekry en vir hulle gevra wat is hulle, jy weet, daai 360° grade van lyste ding, ons het dit al probeer doen, en dan het ons 'n klomp dinge by die jongmense gehoor, maar ons sukkel om dit wat ons hoor geïmplementeer te kry, maar dit het nou nie soveel te doene met bemerking nie, maar dit gaan oor die stem van die jongmense wat ons nie altyd hoor nie.

Mr Johan Hattingh: Goed. Nog iets wat wil byvoeg voor ek aangaan? Goed, dan gaan ek aan. *Will you be interested in a proposed guideline for a marketing strategy for your congregation? And indicate why.*

Candidate I: Hy vra sal ons geïnteresseerd wees in riglyne oor 'n bemerkingstrategie vir ons gemeente? En indien wel, waarom. Johan, ons het vanaand 'n toerustingseleentheid hier by die kerk, en een van die drie waarskynlik drie belangrikste goed wat ons tot hiertoe bespreek het, is ons onvermoë om effektief te kommunikeer, met ander woorde eintlik maar te bemark. So verseker dink ek ons sal geïnteresseerd wees as ons beter leiding kan kry oor hoe om effektief sigbaar te wees in die wêreld en in ons gemeenskap gaan dit vir ons baat.

Mr Johan Hattingh: Goed. Baie dankie. Dan my laaste vraag is: *Will your congregation be interested in a proposed guideline for a marketing strategy?* Indien wel, hoekom?

Candidate I: Ja, met ander woorde, sal ons geïnteresseerd wees in 'n spesifieke voorstel. Is dit reg? Ek hoor jou sleg.

Mr Johan Hattingh: Ja.

Candidate I: Wat deur jou ontwikkel is in jou MBA? Is dit reg?

Mr Johan Hattingh: Dis reg. Dis waarheen ons op pad is.

Candidate I: Johan doen sy MBA, en spesifiek fokus hy op die bemarkingstrategie, of die sigbaar word van die kerk in die wêreld. En hy vra of ons geïnteresseerd sal wees in inligting daaroor. Ons sal jou reiskoste betaal ja.

Mr Johan Hattingh: Dis reg, ek sal dit verklaar in my, in die verskillende vergaderings. Nee, dis reg. Ek wil vir julle baie baie dankie sê vir vanaand. Ek is klaar met al my vrae. Dit is amper 'n uur wat ons nou gepraat het, so bietjie minder as 'n uur, so ek wil vir julle sê baie baie dankie. Ek hoop dit het so bietjie ook die denke by julle losgemaak soos dit by my losgemaak het, die antwoorde wat ek by julle gekry het. Ek sê vir julle rêrig baie dankie. Ek onderneem dan ook soos in die laaste vraag om terug te kom na julle toe oor die voorgestelde bemarkingstrategie wat ons wil voorstel in die navorsing wat ek gedoen het, en dan kan ons hierdie goed gaan toets en implementeer in die breë Kerk want dit is waaroor dit vir my gaan. Dis die Kerk vir wie ek lief is en dis hoekom ek ook gedink het om hierdie *dissertation* in hierdie veld te skryf. So baie baie dankie julle, en ek glo julle sal gou weer van my hoor.

Candidate I: Baie dankie Johan, en sterkte met jou studies, en ons wil graag weer van jou hoor want die goed wat jy nou sê is die goed waaroor ons vanaand praat. Dis deel van ons vraagstuk vanaand is hoe om dit op te los. So ons sal weer praat. Baie dankie daarvoor hoor.

Mr Johan Hattingh: Goed, baie baie dankie. Dan sal ek later met julle praat oor die ander goeters as dit meer amptelik is, vanaand is ek 'n student.

Candidate I: Johan, ek het nie nou gehoor nie.

Mr Johan Hattingh: Ek sê ek sal die ander bemarking goeters wat ek oor eintlik met julle wil praat, gaan ek op 'n ander geleentheid praat in my amptelike hoedanigheid en nie as 'n student nie.

Candidate I: Ons sal daaroor praat, baie dankie hoor.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 2

Mr Johan Hattingh: Goed, dankie julle. Baie sterkte met julle werk.

Candidate I: Dankie, selde daar, tatta.

Mr Johan Hattingh: Bye-bye.

---oOo---

APPENDIX H: INTERVIEW 6



RESEARCH PROJECT ON *MARKETING STRATEGY FOR MINISTRIES WITHIN THE REFORMED CHURCHES*

Mr Johan Hattingh, under the supervision of Prof Hein Prinsloo

INTERVIEW 6

Mr Johan Hattingh: Kan julle my mooi hoor?

Candidate A: Ons hoor jou goed.

Mr Johan Hattingh: Baie dankie. Jaco, baie dankie. Ek wil my maar self voorstel vir die ouens wat my nou nie ken nie. Maar my hoedanigheid vanaand is anderste as wat ek altyd is. Ek is Johan Hattingh, ek is tans besig by die Noordwes Universiteit, besig met my MBA studies, en dis deel van die rede hoekom ek vir Jaco gevra het of ons vanaand hier bymekaar kan kom want my studieveld wat ek doen, is in die Hervormde Kerk, eintlik in die susterskerke, maar meer gefokus op die Hervormde Kerk. Die doel van die studie wat ek onderneem en waarmee ek my *mini dissertation* skryf, en askies my Engels wat ek so tussenin gooi, maar ek dink Jaco verstaan dit beter, is om, die titel is: *Developing a marketing strategy for ministries within the reformed churches*. So dit gaan oor 'n bemarkingstrategie vir die Kerk. En voordat ek begin, ek is besig om hierdie gesprek op te neem, is daar enige iemand wat beswaar het as ons hierdie gesprek opneem? Niemand nie? Baie dankie. Dan wil ek net so vinnig deur die *consent form* hardloop om te sê eerstens, hierdie vrae wat ons vanaand hanteer gaan ons so om en by tussen 45 minute en 'n uur besig hou, afhangende van hoe graag julle met my wil gesels, ek het baie tyd. Daar was een dosent wat gesê het as die studente kla hulle kry nie deur die dag al hulle werk gedoen nie, toe sê hy maar daar's nog 'n hele nag ook, so ek het nog 'n nag voor. So julle is welkom om dan enige tyd te onttrek as julle voel julle wil nie meer deel wees van die studie nie, dan uit die aard van die saak julle is baie, julle is rêrig welkom om die gesprek te verlaat. Al die

inligting wat ons hier hanteer is dan ook konfidensieel. Dit word ook so uitgeklaar met die Etiese Komitee waaraan ek alreeds klarigheid voorgekry het. Soos ek sê al hierdie inligting wat julle hier, hier is nie 'n regte of 'n verkeerde antwoord nie, dis julle opinie, dis julle mening, ek gaan dit nie opponeer nie, en dit gaan net bydrae tot my studies. Dit is 'n kwalitatiewe studie waarmee ek besig is, en daarom doen ek dit in groepsonderhoude, en vanaand is julle onderhoud my heel laaste onderhoud wat ek dan voer in hierdie studie wat ek dan doen. So baie dankie vir julle bereidwilligheid om dit te doen. Hierdie studie doen ek dan ook in oorleg met my supervisor, prof Hein Prinsloo. Hy het ook verskoning gevra dat hy nie hier kan wees vanaand nie. Gewoonlik skakel hy in ook via Teams, maar hy's besig met klas gee, so hy't verskoning gemaak. Nadat ek al hierdie goeters gelees het, is daar enige iemand wat 'n probleem het met die konsep wat ek gelees het? Niemand nie? Baie dankie daarvoor. Dan gaan ek begin met die vrae, ek het dit vir Jaco gestuur. Jaco, ek weet nie of jy dit vir almal gestuur het nie, maar dit maak nie saak as jy dit nie doen nie. Ons gaan dit maar so deurwerk so stuk-stuk.

Candidate A: Ek het dit vir almal gestuur en ???.

Mr Johan Hattingh: Dit is maar net dalk maar bietjie makliker as mens hierdie goeters voor jou het. Ek werk so. As jy my 'n vraag vra en jy lig ??? vrae. ??? vraag, kan jy gou vir my julle voorstel.

Candidate A: Kom ons begin, aan my regterkant wat jy nou nie kan sien nie, as hy nou net so inloer, is die jongste een op die, hierdie is die kommissie van die kerkraad wat ons ook noem as die finanskommissie, maar hulle hanteer veral nou in die COVID-tyd wat die meeste goedjies hanteer omdat ons nie kon kerkraadsvergadering hou nie, maar dit is die kerngroep van die gemeente en waar ons gewoonlik maar al die goedjies sal deurpraat, miskien nog voor dit by 'n kerkraadsvergadering kom. So die enetjie wat jy nou regs gesien het, is Suemari Barnard, sy is 'n werkende student. So sy is nog by die studentegroep. Dan is dit nou myself. Hier langs my aan my linkerkant sit Alta, Alta Venter wat jy nou waarskynlik 'n bietjie ken, sy is die kassier van die gemeente, ook die admin beampte en die moederowerste en sy doen alles in die gemeente. En dan langs haar in die voorste ry, Johan waai net gou dat hy net kan

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 6

sien wie's jy. Dis Johan Viljoen, Johan Viljoen is seker van die ouer lidmate, die langste lidmate van Bloemfontein. So Johan is ook ons verteenwoordiger by die Bybelgenootskap, en, maar, ja, dis Johan. En direk agter hom is Hennie Botha. Al die goedjies rondom die bouprojekte, endiesmeer, gaan maar altyd daar na Hennie toe, en die instandhouding van die goeters. Hennie is ook 'n argitek.

Candidate D: Ek gee vir Alta moeilikheid.

Mr Johan Hattingh: Ek het nie gehoor nie Hennie.

Candidate D: Ek sê ek gee vir Alta moeilikheid. Ek is haar toesighouer of supervisor.

Candidate A: Dan langs Hennie sit Seef, Seef Pretorius. En Seef is net so baie lank soos Johan, miskien so klein bietjie korter as Johan in die gemeente. Seef was voorheen aan die Universiteit, is nou nog so bietjie aan die Universiteit van die Vrystaat ook verbonde. Hy het eintlik al afgetree, maar hy werk nog steeds, met bietjie navorsing en dinge. En Seef was baie lank maar die ouderling wat die finalejaar kategese hanteer het. Hy rus nou so bietjie daarvan, maar as ons hom nodig het dan doen hy weer. Maar hier tussen my en Alta hier in die agterkant sit Santie Spies. Santie is die voorsitter van ons diakensvergadering. En ja, dis die groepie. Daar's net, ons skriba is nie hier nie, dis Annalise Koen. Verder is ons almal volledig vanaand.

Mr Johan Hattingh: Jaco, baie dankie, dit was belangrik dat ek die, jy weet want ek moet nou hierso op hierdie vorm bepaal wie watter ouderdomsgroep val wie in. So as ek kan so begin en ek gaan my vrae nie noodwendig deur die onderhoud in hierdie volgorde hou nie. Jaco, ouderdomsgroep, julle het dit daarso, A tot F. Waar val jy in?

Candidate A: By watter blokkie val ek nou Johan, watter moet ek nou merk?

Mr Johan Hattingh: Is jy tussen 35 en 44 of is jy tussen.

Candidate A: Nee, ek bedoel werk ek nou by finansies of die diakens of by die jeug.

Mr Johan Hattingh: Jy hoef nie vir my, ek vul dit hierdie kant in, jy hoef nie vir my te sê nie, ek sal dit invul. Is jy by A of is jy by F?

???: ???.

Candidate A: Jy wil my ouer maak as wat ek is, genugtig. Moet ek net 'n kruisie maak?

Mr Johan Hattingh: Nee, sê dit vir my.

Candidate A: Ek is 64, dis E ja.

Mr Johan Hattingh: Goed, Alta by jou? F?

Candidate B: Ja.

Mr Johan Hattingh: Goed. Johan?

Candidate C: Ek is bokant 64.

Mr Johan Hattingh: Goed. Hennie?

Candidate D: E.

Mr Johan Hattingh: Suemari?

Candidate E: B.

Mr Johan Hattingh: En Seef?

Candidate F: F.

Mr Johan Hattingh: En Santie?

Candidate G: E.

Mr Johan Hattingh: Goed, dan gaan ons kyk nou na die volgende ene, is *highest qualification*. Graad 11/12, het jy geen tersiêre ondervinding of opleiding gekry nie, of 'n B-graad kwalifikasie, *entry level* 6 7 sal ek sê daar, met ander woorde dis B-graad wat daar is, B-graad en honneursgraad, en dan, askies honneursgraad is dan by D, *postgraduate* wat ons daar het. So kom ek hoor so, Jaco, daar by jou?

Candidate A: Ek aanvaar seker met die BD is seker by D.

Mr Johan Hattingh: Is reg. Alta?

Candidate B: By A.

Mr Johan Hattingh: Johan?

Candidate C: C.

Mr Johan Hattingh: Hennie?

Candidate D: Ook C.

Mr Johan Hattingh: Suemari?

Candidate E: A.

Mr Johan Hattingh: Seef?

Candidate F: D.

Mr Johan Hattingh: En dan Santie?

Candidate G: A.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 6

Mr Johan Hattingh: A. Goed. Die volgende vraag is: *How long have you been a member of the Church?* Nou wil ek net hier kwalifiseer, 'n belydende lidmaat van die Hervormde Kerk. So as jy belydende lidmaat was van 'n ander kerk voorheen, hoeveel jaar was jy met ander woorde, of is jy nou 'n belydende lidmaat van die Hervormde Kerk. Dit kan van enige kerk voorheen wees, maar van die Kerk. So as jy voorheen by 'n NG Kerk ingeskakel het, dan tel ons dit nie in hierby nie. So kom ons, as julle vinnig julle somme gemaak het en ek sien die rook trek vinnig. Jaco?

Candidate A: Meer as 40 jaar.

Mr Johan Hattingh: Goed. Alta?

Candidate B: Sedert geboorte.

Candidate A: Belydende lidmaat?

Candidate B: 56 jaar.

Mr Johan Hattingh: Johan? Dankie Alta.

Candidate C: 65 jaar.

Mr Johan Hattingh: Hennie?

Candidate D: 41.

Mr Johan Hattingh: Suemari?

Candidate E: Sewe jaar.

Mr Johan Hattingh: Seef?

Candidate F: 56.

Mr Johan Hattingh: En Santie?

Candidate G: 45.

Mr Johan Hattingh: Okey, nou het ons almal se ouderdomme. Baie dankie julle, ek gaan vraag 4 gaan op die manier *skip* want met die bekendstelling het Jaco nou vir my klaar gesê watter hoedanigheid en watse rolle speel elkeen in die gemeente. Is daar iets wat julle wil byvoeg of wil uitbrei op daai soos wat Jaco dit bekendgestel het in die begin?

Candidate A: Ek kan miskien maar net sê Suemari is by, sy's 'n diaken en by die jeug. By die studente eintlik.

Mr Johan Hattingh: Goed.

Candidate A: En nou's die ander behalwe Santie wat 'n diaken is, is al die ander ook ouderlinge, maar ook by die ??? finansies.

Mr Johan Hattingh: Ja, ek het nou daai gedeelte wat ons voorheen, wat ons aan die begin gesê het, Jaco, dankie daarvoor, wat Johan betrokke is by die Bybelgenootskap, dit is so belangrik dat ek dit ook deel maak en dat ek bewus is daarvan. So is daar enige iets, iemand wat ander rolle en rolle deel in die Kerk of in hulle voete vind binne-in die Kerk, in die gemeente spesifiek by Bloemfontein?

Candidate B: Ek is sekretariële beampte ook. Behalwe die kassier en al hierdie goete.

Mr Johan Hattingh: Okey.

Candidate A: Ja, en Alta is ook die administratiewe skriba van die ring.

Mr Johan Hattingh: Goed. Baie dankie. Goed julle, ons gaan nou bietjie praat oor bemarking. *What is your views about the marketing strategy in the Netherdutch*

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 6

Reformed Church? Dit bedoel ons hierso, nou wil ek net gou-gou julle net attent maak daarop, en ek het gesien met die ander onderhoude, is hierso praat ons van die bemarking van die breë Kerk, van die NHKA. Die gemeente sinne is die volgende vraag. So jy's welkom om al twee te antwoord, so ek gaan hulle by beide antwoorde neerskryf, maar die vraag nou op die tafel is *what is your views*, wat is jou uitkyk rondom 'n bemarkingstrategie in die Hervormde Kerk? Enige een kan antwoord, ek gaan nie van 'n bepaalde punt af kies nie.

???: Ja, Johan, dis vir my moeilik om *marketing* in kerkverband, jy weet, om byvoorbeeld lidmate te werf is nie iets wat ek bedoel ons nog ooit aandag aangegee het nie. Ek dink hierdie is 'n totaal nuwe ene. Ons aanvaar maar dat ouers van die Hervormde Kerk bring hulle kinders vir kategeese, en hulle bly lank aan of hulle dros een of ander tyd, maar ons het nog nooit werklik gegaan en vir mense gesê word lid van die Hervormde Kerk nie, as ek jou reg verstaan en wat *marketing* beteken. So dis vir my nogal 'n nuwe ene, 'n nuwe perspektief, en 'n bietjie van 'n vreemde woord binne kerkverband as ek net my opinie so kan lig.

Candidate B: Ek persoonlik dink dit is belangrik dat ons die buitewêreld laat weet wat ons as Hervormde Kerk doen en dink, en daarom is dit vir my so belangrik dat die Hervormde Kerk op soos byvoorbeeld Facebook gereeld plasings doen en in die, tydens die *hard lockdown* het die voorsitter vir ons gereeld boodskappe gestuur het. Dit gaan tog uit in die breë wêreld, dis nie net vir die Hervormde Kerk nie. En dan het ek in die vorige jare ervaar dat lidmate na klein dorpie toe gereis het en hulle dink daar's nie Hervormde Kerk nie, en dan gaan hulle sommer maar net na 'n ander gemeente toe.

???: Johan, as ek my opinie dan dink ek ons doen waarskynlik heeltemal te min ten opsigte van om die Kerk 'n bietjie op die tafel te sit of dan te bemark. Die goeters wat Alta nou genoem het, is maar die goeters wat 'n mens doen soos wat dit op jou pad gekom het, maar dit was nie noodwendig 'n uitgewerkte strategie nie. ??? reeds gesê alle media gebruik, jy het nou op die Internet so bietjie 'n webtuiste geskep wat dit werd is, jy adverteer op, ons adverteer, as jy dit 'n advertensie kan noem, op daai kalender wat so in die omgewing versprei waar ander maatskappye ook hulle

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 6

besighede adverteer. Daar het die kerkraad so blokkie waar hy die goed kan. En dan uiteraard maar net die goed wat jy doen van wat jy kan sien van die straat se kant af. So daar's mooi groot borde wat opgerig is wat net sê wie's die Kerk en met die logo van die Kerk, endiesmeer. Maar dis maar omtrent dit, **ons het nie rêrig 'n uitgewerkte strategie nie**. So daar het jy ons.

Candidate D: Ek sal ook graag iets wil byvoeg. Ek dink die basis van alles vir my is die volhoubaarheid van die ??? Nederduitsch Hervormde Kerk, **volhoubaarheid van die Kerk, in konteks met die uitbreiding en die bestaan** van die koninkryk van God en dis hoekom jy hier wil wees.

Mr Johan Hattingh: Baie waar, baie dankie Hennie, dit is baie ware, wyse woorde wat jy daar sê. Wil ons nog iets bysit oor die breë Kerk se bemarkingstrategie of kan ons nou oorbeweeg na die gemeente se bemarkingstrategie?

Candidate A: Vir my is dit maar al twee maar dieselfde. Maar dis my opinie hoor, julle moet sê. As ons nou by die gemeente se strategie, daai was maar eintlik meer van die breë kerk. Maar ons is maar die breë Kerk in Bloemfontein, maar as dit nou net gemeente is, ??? gemeente bemark.

Mr Johan Hattingh: Goed, kom ek vra die vraag bietjie anderste. Wat doen die gemeente om hulleself sigbaar en bekend te stel in Bloemfontein?

Candidate B: Ek dink die diakens doen dit in 'n groot mate dat ons deel hê aan huise soos die ??? huise en ons het ook **in die winter** het die diakens **kniekombersies aan ouetehuis voorsien**. En ek dink dit is al 'n beeld van die bemarking dat die mense is bewus daarvan. En dan selfs met ons **kerkkombuis adverteer ons dit ook op Facebook** en **dan kom daar mense van buitekant af** wat by ons kom koop, en dan op die manier ook **bewus raak van ons**.

???: Ek dink ons kan die **stroming wat ons Sondae doen** ook maar insluit as deel van bemarking. Want dit dink ek het 'n paar ander kykers gekry ???.

Mr Johan Hattingh, research project on marketing strategy for ministries within the reformed church,
Interview 6

???: Ja, ek dink ons bemarkingsfondsinsamelingsprojekte soos onder andere Hennie wat elke jaar vir ons 'n groot gholfdag reël wat dan ook dien as bemarking ???.

Candidate A: Ek dink om aan te sluit by Johan wat Hennie nogals doen, hy nogals miskien moet jy dit self sê Hennie, want hy probeer nogals deur die gholfdag vestig dat dit die Kerk se gholfdag is, en dit staan ook bekend as die ???-gholfdag. Maar dit is ook bekend dat omtrent elke speler kry 'n prys, so die kerk op die manier is ook 'n bietjie daar op die gholfbaan. Maar Hennie, dalk kan jy self sê.

Candidate D: Nie so seker of hierdie bepaald net oor die gholfdag gaan nie. Ek wil nie uitbrei op die gholfdag nie, ek dink nie dis die tema nie, die tema is bemarking. Wat ek wel wil byvoeg is ek dink dit kom van binne, en miskien het dit baie te doen met die vorige stelling wat ek gemaak het oor die volhoubaarheid van die Kerk, is dat die krag van ons gemeente moet van binne af kom, van sy gemeente en sy gemeentede. So hoe nader ons aan mekaar beweeg, hoe sterker maak ons mekaar, en hoe sterker is ons 'n eenheid wat na buitentoe kan uitleef. Ons kry dit dink ek reg want juis met hierdie projekte wat na verwys word, is die gemeente besig om nader aan mekaar ook te beweeg om uiteindelik die projekte suksesvol te lewer. Oor die bemarking vir my kom ook van binne, dis nie net 'n, dis nie net soos genoem die sosiale media of noem nou maar die gholfdag, wat belangrik is, die beeld van die kerk en dit wat ons uitstraal dink ek is belangrik, dit is so, en ons kry dit reg ???.

Mr Johan Hattingh: Goed. Nog iemand iets wil sê? Niks nie? Ek wil dalk net vra, by die diakens se werksaamhede met die uitdeel van kospakkies, is daar nie so tipe van 'n *stickertjie* wat 'n mens kan opsit met komplimente van NHK of NHG Bloemfontein om, ons het netnou so bietjie daaraan geraak, om te sê om mense bewus te maak van waar af dit kom nie. Ek het so daaraan gedink terwyl ek hierso so sit.

???: Dis 'n baie goeie voorstel.

Mr Johan Hattingh: Die volgende vraag is: *What will you include in a marketing strategy?* Nou weet ek dit is dalk moeiliker om nou nog die vraag verder te antwoord

as ons nie eers by vraag 6 gesukkel het met hom, maar *what will you include in a marketing strategy?* Wat sal 'n mens insluit in so bemarkingsplan?

???: Johan, ek sal die Engelse mooi woord *word of mouth*. En dit is baie interessant hoe laat, mense wat aan *verskillende denominasies behoort, tog met mekaar gesels oor die gemeente waarin jy is*. Ek kan getuig as ek nou terug na die gholf toe, ek weet van een persoon wat ek oortuig het om na ons kerk toe te kom, ???, dit kom van die gholfdag af, is nou een *stupid* voorbeeld, maar en dan die tweede vir *my is leefwyse, leefstyl*, as jy buite 'n lewe lei wat vir mense aanvaarbaar is en wat jy iets uitstraal, en as hulle jou vra in watter kerk behoort jy, en dan sê jy jy behoort aan die Hervormde Kerk, dan is dit vir my ook 'n manier hoe 'n mens, jy weet, belangstellings gaan kry. As ??? baie mense kry ek dink. Ek sê dit grappenderwys, jy moet dit nou nie in jou studie opsit nie, maar ons het al 'n hele paar manne van daai kant afgekry wat soek vir standvastigheid. En ek dink die Hervormde Kerk is in die Afrikanergemeenskap dalk bekend as hierdie standvastige Kerk, maar die Charismate dink ons is witgepleisterde grafte. So dis nou hier ses van die een en 'n halfdosyn van die ander. Maar ek voel regtig sterk dat om te praat oor jou eie Kerk en dan so te *leef dat mense sien jy weet waarin jy glo*, moet ook miskien 'n stil, 'n stil manier van bemarking wees. Dis nie 'n aggressiewe tipe van bemarking nie. Jou studie soek dalk vir meer aggressiewe manier van bemarking, maar ons wil agterna hoor wat jou uitkoms is en ons sal graag by jou wil leer.

Mr Johan Hattingh: Definitief. Dit is een van my laaste vrae wat ek gevra het en jy het hom sommer nou vir my geantwoord, baie dankie.

